LOURENSRIVIER GEMEENTE

Joh 12:24

"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug."

www.lourensrivier.co.za | Tel: 021 8535991

11 Februarie 2018

WELKOM BY ONS EREDIENS!

Diens: Ds Petrie de Villiers
SONDAG VAN VERHEERLIKING
Fokusteks uit Leesrooster: Markus 9:2-9
RCL tekste: Ps 50:1-6; 2 Kon 2:1-12
2 Kor 4:3-6
Deurkollekte: Uitreikfonds

BELOFTELAND: 09h00-10h15

DINAMIET KIEDZ: 09h00-10h15

GROOTGROEP: 09h00 - 09h15
Onderskeie klassies: 09h15 - 10h15
Liesbet: Gr 7 in die "Gat

NAVRAE: Karin Kuys @ 083 643 0653

LIFELINE JEUG: Gr. 8 - 12

Constant @ 072 224 3267
JT @ 082 585 7578

KNIEWERK: Petrie vir Boodskap

- Ons bid vir die boere wat swaarkry, reën, ons waterkrisis asook vir vrede, eenheid, regverdigheid en eerlike leiers.
- Paul Louw vir gesondheid (kanker)
- Sannie le Roux by huis, maar bid asb vir gesondheid (kanker)
- Christa Olivier se suster steeds in hospitaal
- Jannie Fourie by huis (dankie Here): Bid asb vir volkome herstel
- Marieta Bosman (kankerbehandeling)
- Piet Nortje in hospitaal
- Monica Lambrechts herstel na hospitalisasie (kanker)

FOKUSTEKS: Markus 9:2-9
Verheerlikingsondag is die afsluiting van Kersfees-/ Epifanietyd en staan tegelyk ook op die drumpel van die Lydenstyd wat hierna begin.

Die verheerliking van Jesus het vir 'n oomblik geduur. Dit was 'n kykie in die toekoms, maar die toekoms het nog nie aangebreek nie. Die drie dissipels moes weer saam met Jesus van die berg afgaan, terug na die vallei. 'n Vallei waar daar siek mense was wat genees moes word, konflikte tussen mense wat uitgestryk moes word, waar daar honger mense was wat gevoed moes word, waar daar, soos Jesus belowe het, kruis gedra moes word en lyding vir hulle gewag het, selfs die dood.

Daar was dus geen manier waarop hulle hierdie glinsterende bergtop-ervaring kon vas vries, om seker te maak dat hierdie ervaring vir ewig sou duur nie.

Die week wat kom, is die begin van lydenstyd, dié tyd van die kerkjaar waar ons saam met Jesus sy lydensweg volg. Waar ons onsself saam met Hom op die nou pad van gehoorsaamheid gaan bevind. 'n Pad wat op Goeie Vrydag in April by 'n kruis tot stilstand gaan kom.

KOM WORD DEEL VAN DIE HARTKLOP VAN ONS GEMEENTE!

Skakel in by onderstaande Gemeente-aksies of 'n Omgee/ Kleingroep (kontak Kerkkantoor , 021 853 5991)

HOU ASB IN GEDAGTE DAT DIT 'N JAAR-PROGRAM IS, DUS SAL DAAR ONDERLINGE REëLINGS WEES INDIEN DAAR AFWYKINGS IN TYE OF DATUMS IN DIE WEEK IS

MAANDAG:

19h00: Rapha Vrouegroep (elke 2de Ma.)
Jackie Strauss; 084 505 2908;
(Sien byeenkomsdatums in Gemeentegids)

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

DINSDAG:

09h00 of 19h00: Veritas Bybelskool:
Module 3 & 4 **@ Konsistorie of Raadsaal.**

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

WOENSDAG:

08h00: Sr. Mannebyeenkoms @ Kleinsaal
Louis Steyn; 083 415 3031
09:00: Gebedsgroep in Moederskamer;
Riana van Huyssteen; 084 888 8614
09h00 of 19h00: Veritas Bybelskool:
Module 1 & 2 **@ Konsistorie of Raadsaal.**
12h30: SNUFFELMARK @ Kerksaal
Elke laaste Wo. van maand
Skakel Kerkkantoor: 021 853 5991

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

DONDERDAG:

09h00: Gebedskursus
Kontak: Annalie Botes @ 021 854 4620

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

VRYDAG:

05h30: Mannebyeenkoms @ Smiling Oven;
Nic Huisman; 082 552 2423
06h00: Mannebyeenkoms @ Konsistorie
Ds. Leopold
19h00: #espresso-jouself Koffiekroeg vir jong volwassenes **@ Kleinsaal (Broadway-kant)**
Pieter Mouton; 083 391 5507

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

MAT 18:20 "want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle."

NUWE INTREKKERS?

Baie

by ons Gemeente!

In die voorportaal is 'n boekie waarin jy jou besonderhede kan aanteken waarna iemand in die Kerkkantoor jou sal kontak.

Die boekie is ook daar vir ENIGE IEMAND wat 'n besoek verlang, voorstelle, of gebedsversoek het.

Kom drink na die diens
'n heerlike koppie tee/koffie in die voorportaal saam met ons.

PRODUKTE WAT BENODIG WORD VIR DIE KOSKAS

ONTHOU produk (te) hoef nie meer as R20 te wees nie.....
ELKE BIETJIE HELP

(Gebruik mannasakke by deure of gee vir Wyk se Kosmandjie)

Pakkies Sop en sakkies sopmengsels
Blikkies Vis & Bief
Blikkies gemengde groente
Pakkies Soya Mince
2 Minute Noodles
Spaghetti & Macaroni
Klein pakkies suiker, koffie en tee
Poeiermelk & Boksies melk
Toiletpapier
Tandepasta, Seep, Sjampoe, Doekies
Skoonmaakmiddels

DIT WORD Sóóó WAARDEER!
~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

IS DAAR DAE WAT JY **"AF"** VOEL?
KRY JY **SWAAR**?
SUKKEL JY OM GEESTELIK EN LIGGAAMLIK **STERK** TE BLY?
HET JY **GEBED** OF **BEMOEDIGING** NODIG?
ONS WIL JOU SÓ GRAAG BYSTAAN!

Kontak: Joubert van Tonder @ 082 949 2045

TERUGVOERING / GEBEDSVERHORING:
Ons wil baie graag ook weet hoe dit gaan met almal vir wie ons bid.
Hou ons asb op hoogte. Skakel kerkkantoor @ 021 853 5991

BELOFTEROLLE: Ons wil jou graag uitnooi om agter in die kerk 'n belofterol te neem. Dis gratis en deel van die Gebedsbediening. Dit kan ook as gebede gebruik word.

BURGERAAND!!

(wegneem-etes)

Datum: Vrydag, 16 Februarie 2018
Tyd: 17h00 - 19h00
Plek: Lourensrivier Gemeente (Kleinsaal) h/v Broadway & Da Gama, Strand
Kaartjies: Beskikbaar by Kerkkantoor (021 853 5991)
EFT's kan gedoen word met verwysing "Burgeraand"

Navrae:
Inbox op FB (LourensrivierSeMense)
of skakel 021 853 5991

Hamburger & Chips @ R40
Hoenderburger ("grilled") & Chips @ R40
Steakburger & Chips @ R50

GEMEENTEKALENDERS is beskikbaar by Kerkkantoor
Kontak 021 853 5991 indien jy nie kan kom haal nie.

Jy kan nou die **ZAPPER selfoon toepassing** as 'n addisionele manier vir Bankkollekte en Dankoffer bydraes gebruik. Laai die "APP" gratis af van jou selfoon se "app store" Jy sal van elke transaksie verwittig word deur Zapper.
Vir meer inligting of navrae:
Charlene @ 021 853 5991

TERUGVOERING VAN 2017 SE GEBEDSKURSUS STUDENTE:



Coral Strydom: What the prayer course taught me…. It is good to set time aside twice each day to study the Word of God and pray however we can pray to God anytime of the day. Our prayers don't need to be lengthy and filled with great vocabulary, but can be short and heartfelt where we talk to God. The Lord's Prayer is not a prayer only between us and God but is aimed at broadening the Kingdom of God on earth. As Christians we are tasked with this duty daily.

Erna Joubert: Aanvanklik was ek ongemaklik oor die lees van Lied 442 met aanvangs van elke byeenkoms. Gou het ek besef dat ek hiermee regtig die Heilige Gees vra om die Woord vir my verstaanbaar te maak sodat ek kan stil word en met vreugde elke belofte van Sy liefde en trou maar ook elke aanmaning deel van my kan maak. Die vreugde van stil wees by ons Vader maar ook om my hart uit te stort al weet Hy reeds alles, het my gebedslewe ingrypend verander.

Lizette Aylward: 'n Mens moet altyd oop wees om meer te leer van die Woord. Baie dinge het verander – die vrees om voor mense te bid en te bang vir die regte woorde te sê, maar Vader weet wat in ons harte aangaan. Ek het al 2 keer die kursus gedoen en elke keer het Vader my iets anders gewys. Baie dankie.
Seën, Vrede en Genade aan die nuwe klas van 2018.

André & Tersia van Vuuren: Die spesiale manier hoe die kursus oorgedra was, het dit 'n belewenis gemaak om te besef dit is goed om heeldag met die Here te praat, maar jy moet "alleen/stilte tyd" met die Here spandeer, om Hom te loof, dank en prys dan eers sal jy hoor wat Hy vir jou wil sê.

Annalie Botes: Vir my as fasiliteerder het dit oneindig baie beteken om te sien hoe die Here in mense se lewens werk t.o.v. gebed. Geestelike groei en 'n beter verhouding met God as ons Vader was duidelik sigbaar.
Dit was 'n voorreg om God se instrument te kon wees.

TE KOOP BY KERKKANTOOR:

Lappiesboontjies @ R45 p/k

Koekies @ R20 per pakkie
(allerhande soorte asook gemeng)

Beskuit @ R35 per pakkie